



## NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 22 JANUARIE 2025 OM 10:00

### TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)  
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

#### Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl D G Bess  
Rdl N Smit  
Rdh T van Essen  
Rdl A K Warnick

#### Ander raadslede:

Die Speaker, rdh M A Rangasamy

#### Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz  
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton  
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller  
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys  
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann  
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger  
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche  
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

### 1. OPENING

Die voorsitter rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan lede, amptenare en lid van die publiek op die eerste vergadering van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee van 2025.

Die voorsitter open die vergadering met gebed.

### 2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen verskonings is ontvang nie.

### 3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

### 4. NOTULES

#### 4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 11 DESEMBER 2024

##### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 11 Desember 2024 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word.

### 5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

Geen

## **6. MAANDVERSLAG: NOVEMBER 2024**

[Nota: Prestasiemetingverslae sal aan die Raad voorgelê word op 30 Januarie 2025 as deel van die Artikel 52 MFMA-verslag.]

### **6.1 DIREKTORAAT: SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)**

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste behandel enkele aspekte uit die maandverslag, onder ander, maatreëls wat ingestel is tussen Swartland Munisipaliteit en die Weskus Distrik-munisipaliteit met die neem van monsters by rioolsuiweringswerke in die munisipale gebied.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste noem dat die reëling om die waterinvoer na Silvertown daagliks tussen 18:00 en 06:00 toe te draai, suksesvol blyk te wees deurdat die watervlake van reservoirs gestabiliseer het. Die onlangse brande in die area, en watervoorsiening aan Stad Kaapstad se brandweervoertuie, het egter die vlak van reservoirs tot 20% laat daal.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste verwys na die toename van 10.3% in rioolpompings in Yzerfontein wat strook met die uitbreiding van die dorp, maar bevestig dat die vervoer van riool na Darling-WWTW nie volhoubaar is nie.

Rdh T van Essen noem probleme wat by Highlands Stortingsterrein ondervind word, onder ander, dat die brandpad wat geskraap is nou verdere toegang gee aan vodderapers tot die stortingsterrein.

#### **BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat: Siviele Ingenieursdienste ten opsigte van November 2024;
- (b) Dat die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste oorweging daaraan verleen om die brandpad by die Highlands Stortingsterrein toe te maak.

### **6.2 DIREKTORAAT: ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)**

Die maandverslag van die Direktoraat: Elektriese Ingenieursdienste word ter tafel gelê en word enkele aspekte daaruit deur die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste behandel.

Rdl A K Warnick versoek dat die addisionele kostes wat vendors vra, bv. vir die druk van kwitansies, ondersoek moet word. Rdl D G Bess versoek verder dat die belastingheffing deur vendors op koopkrag in Eskom-gebiede aan Nersa gerapporteer moet word.

Rdl D G Bess noem die probleme wat ondervind word met die Landis Gyr-kragbokse in die Eskom-gebiede.

#### **BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat: Elektriese Ingenieursdienste ten opsigte van November 2024;
- (b) Dat kennis geneem word van die onderskeie versoeke vanaf rdle D G Bess en A K Warnick vir verdere ondersoek deur die betrokke direktorate.

### **6.3 DIREKTORAAT: ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-5)**

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste bevestig dat die vordering met die behuisingsprojekte in die munisipale gebied bevredigend is.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem dat daar nog rampslagoffers op Riverlands is wat van *temporary transfer units* deur die Departement van Infrastruktur voorsien sal word, en dat die Munisipaliteit onderneem het om watermeters te installeer by diegene wat voor die ramp oor 'n meter beskik het, en elektrisiteitsmeters deur Eskom op dieselfde basis.

Rdh T van Essen/...

### 6.3/...

Rdh T van Essen noem dat met die ±5500 behuisingsgeleenthede wat in die munisipale gebied ontwikkeling word, daar in ag geneem moet word dat die verbruik van dienste verhoog met gepaardgaande druk op infrastruktuur, personeel, toerusting, ens. in die ingenieursdepartemente wat tot gevolg kan hê dat dienslewering aan belastingbetalers nie meer volhoubaar sal wees nie.

Rdl D G Bess bedank die Munisipaliteit vir die installering van toilette en elektrisiteit by die Transnet-lynkamp in Kalbaskraal, maar versoek meer aandag aan hierdie gebied. Verder verneem rdl Bess aangaande die vordering met die oordrag van die Nitrophaska-huise.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste bevestig dat die Munisipaliteit, na afloop van 'n terrein-inspeksie, bewus is van die omstandighede by die Transnet-lynkamp in Kalbaskraal, maar dat die opgradering van die gebied as deel van 'n volgende behuisingsprojek in Kalbaskraal oorweeg sal word.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste noem die uitdagings m.b.t. die oordrag van die Nitrophaska-huise, onder ander, dat die skakelhuise eers oor die regte grondgebruik moet beskik, en aan die grondgebruikvoorraad (brandmure, skep van individuele dienst-aansluitings, serwitute, ens.) moet voldoen, alvorens oordrag oorweeg kan word.

### **BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat: Ontwikkelingsdienste ten opsigte van November 2024;
- (b) Dat, op versoek van rdl J M de Beer, 'n lys voorsien word van alle huurooreenkoms, met in ag neming van die bepalings van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting om nie enige persoonlike inligting te openbaar nie.

## 6.4 DIREKTORAAT: BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3}

### 6.4.1 VERKEER- EN WETSTOEPASSINGDIENSTE 6.4.2 BRANDWEERDIENSTE

Die Direkteur: Beskermingsdienste behandel enkele aspekte uit die maandverslag en noem dat daar 'n agterstand is met die diens van brandkrane.

Rdh T van Essen versoek dat die ligging van brandkrane duidelik aangebring/geverf word sodat voertuie nie daaroor parkeer nie.

Die Direkteur: Beskermingsdienste noem, op navraag van rdl D G Bess aangaande die ontplooiing van wetstoepassingsbeamptes na Riebeek Kasteel, dat die beamptes werksaam in die CCTV-kantoor na Riebeek Kasteel oorgeplaas sal word na die sluiting van die kantoor.

### **BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat: Beskermingsdienste ten opsigte van November 2024.

## 7. NUWE SAKE

### 7.1 BEGROTINGSBEHEERKOMITEE 2024/2025: HALF-JAARLIKSE AANSUIWERINGS-KAPITAAL EN BEDRYFSBEGROTING: TEGNIESE AANBEVELINGS (5/1/1/1, 5/1/1/2, 5/1/4)

Die Direkteur: Finansiële Dienste gee agtergrond tot die voorlegging van die 2024/2025 Half-Jaarlikse Aansuiweringskapitaal en Bedryfsbegroting uit hoofde van Artikel 72 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem, onder ander, dat die kapitaalbegroting met R26 000 000 verminder word, weens 'n vertraging aan die kant van Eskom om sekere goedkeurings te voorsien vir die *Malmesbury De Hoop 132/11kV Substation, 132kV transmission line and servitudes* (item 41).

## 7.1/...

Rdh T van Essen gee 'n verduidelik vir sy voorstel soos hieronder uiteengesit, onder ander, dat die hoë reënval in 2024 'n negatiewe impak gehad het op die paaie in die munisipale gebied en dringende herseelwerk benodig word. Verder, dat die bedryf van die Highlands Stortingsterrein in gevaar gestel word indien die projek om die nuwe sel uit te voer na die 2025/2026 finansiële jaar uitgestel word.

Die Direkteur: Finansiële Dienste bevestig die voorwaardes waaraan 'n begroting (soos goedgekeur deur die Raad in Mei 2024) moet voldoen, onder ander, word daar deur die Provinciale Tesourie bepaal of die nodige wetgewing nagekom is om te bevestig dat die begroting geloofwaardig (*credible*), bekostigbaar (*affordable*) en akkuraat (*accurate*) is. 'n Aansuiweringsbegroting bied nie weer hierdie geleentheid nie, en kan daar nie op hierdie stadium gereflekteer word oor die "hoofbegroting" nie.

Die Municipale Bestuurder, met verwysing na Artikel 28 van die MFMA, noem dat die voorstel van rdh T van Essen 'n wesenlike verandering in die jaarlikse begroting te weeg bring en die Raad op risiko plaas. Die voorstel voldoen dus nie aan die voorwaardes van die MFMA om 'n aansuiwering te magtig nie.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste noem dat daar akkoord gegaan word met die verduidelikings van onderskeidelik die Direkteur: Finansiële Dienste en die Municipale Bestuurder, maar versoek dat wanneer die meerjarige begroting oorweeg word daar besin moet word oor die herseelprogram en die impak van die hoë reënvalsyster op die paaie. Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste bevestig dat daar 'n agterstand in die herseelprogram is, maar dat die Municipaliteit nie in die afsienbare toekoms in gevaar is om die paaie te verloor nie. Die toestand van die paaie moet egter noukeurig dopgehou word met inbegrip van die invloed van weersomstandighede, die onderhoudsprogram en die uitgawes om die paaie op 'n funksionele vlak te hou.

Die Direkteur: Finansiële Dienste bevestig dat die R18 253 314 nie as 'n besparing in die 2024/2025 finansiële jaar ingevolge Artikel 28(d) van die MFMA beskou kan word nie, aangesien die tender vir die bou van die paaie reeds toegeken is en die projek bloot na die 2025/2026 finansiële jaar aanskuiif.

## BESLUIT

- (a) Dat die volgende voorstel deur rdh T van Essen nie ondersteun word nie:
  - heralokering van R18 253 314 vanaf *Roads Swartland: Construction of New Roads* (item 9) na *Roads Swartland: Resealing of Roads* (item 8);
  - begroot 'n bedrag van R18 253 314 in die 2025/2026 vir *Roads Swartland: Construction of New Roads*;
  - begroot 'n bedrag van R4 000 000 in die 2024/2025 Half-Jaarlikse Aansuiweringsbegroting vir *Highlands: Development of new cell* om die projek voor 1 Junie 2025 af te handel;
- (b) Dat, op versoek van rdh T van Essen die voorstel teruggetrek word, maar dat daar aangeteken word dat rdh Van Essen nie die goedkeuring van die 2024/2025 Half-Jaarlikse Aansuiweringskapitaal- en Bedryfsbegroting ondersteun nie;

## BESLUIT VERDER

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (c) Dat kennis geneem word dat die Begrotingsbeheerkomitee vergader het om die verduidelikings en motivering van die finansiële personeel en ander direkteure te oorweeg in 'n poging om die Uitvoerende Burgemeester te adviseer insake die pad vorentoe;
- (d) Dat kennis geneem word van die aansuiwering van R2.935 miljoen vir oortyd weens die rampsituasie en vloedskade in Chatsworth en Riverlands wat veroorsaak is deur drie damme wat gebreek het. Die vloed het skade veroorsaak aan munisipale paaie en die watervoorsieningsnetwerk;
- (e) Dat die volgende totale uitgawes per departement (per direktoraat) goedgekeur word, wat insluit beide bedryfs- en kapitale uitgawes per direktoraat, ten einde departemente in staat te stel om pro-aktief ongemagtigde uitgawes te voorkom:

7.1/(e)...

Budget Year 2024/25 R thousands	Capital Expenditure by Vote			Operating Expenditure by Vote			Total Expenditure by Vote		
	Original Budget	Total Adjusts.	Adjusted Budget	Original Budget	Total Adjusts.	Adjusted Budget	Original Budget	Total Adjusts.	Adjusted Budget
Vote 1 - Corporate Services	778	(300)	478	46 746	918	47 664	47 524	618	48 142
Vote 2 - Civil Services	127 036	(32 667)	94 369	393 895	23 549	417 444	520 930	(9 118)	511 813
Vote 3 - Council	1 278	9	1 287	26 049	(675)	25 374	27 327	(666)	26 660
Vote 4 - Electricity Services	68 971	(1 010)	67 961	458 585	20 850	479 435	527 556	19 840	547 396
Vote 5 - Financial Services	698	(130)	568	81 680	(2 379)	79 301	82 378	(2 508)	79 869
Vote 6 - Development Services	174 824	(8 612)	166 212	51 379	(9 439)	41 940	226 203	(18 051)	208 152
Vote 7 - Municipal Manager	12	88	100	10 030	(46)	9 985	10 042	42	10 085
Vote 8 - Protection Services	2 882	173	3 055	120 682	(7 352)	113 330	123 564	(7 179)	116 385
<b>Grand Total</b>	<b>376 478</b>	<b>(42 448)</b>	<b>334 030</b>	<b>1 189 046</b>	<b>25 426</b>	<b>1 214 472</b>	<b>1 565 523</b>	<b>(17 022)</b>	<b>1 548 501</b>

- (f) Dat goedkeuring verleen word om die 2024/2025 kapitaalprojekte te wysig as deel van die gekonsolideerde kapitaalprogram goedkeur soos gelys in (**Annexure A-1: Adjusted 2024/25 Capital Budget**);
- (g) Dat die Raad die gewysigde befondsingsbronne oorweeg wat verband hou met die raad se kapitaalprogram en daarop let dat die befondsingsbronne beskikbaar is en nie vir ander doeleindes geoormerk is nie;

FINANCING SOURCES	Original Budget 2024/25	Mid-Year Adj Budget 2024/25	Increase / (Decrease)
Capital Replacement Reserve (CRR)	93 535 241	100 524 065	6 988 824
External Loan	36 950 588	-	(36 950 588)
Municipal Infrastructure Grant (MIG)	29 332 000	29 302 000	(30 000)
Dept Human Settlements (DHS)	174 289 166	165 670 203	(8 618 963)
Integrated National Electrification Programme (INEP)	22 818 000	18 900 766	(3 917 234)
Western Cape Education Department (PRIVATE FUNDING)	19 033 109	19 033 109	-
Dept Cultural Affairs and Sport	484 783	484 783	-
Community Safety Grant	34 783	34 783	-
Donations	-	80 000	80 000
<b>GRAND TOTAL</b>	<b>376 477 670</b>	<b>334 029 709</b>	<b>(42 447 961)</b>

- (h) Dat die raad kennis neem van die voorgestelde aanpassings (wat verband hou met Artikel 19) ten opsigte van die projekte, soos gelys in (**Annexure A-2: Capital Projects into Sec 19**);
- (i) Dat goedkeuring verleen word om die hoë-vlak kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2024/2025 as volg te wysig (**Annexure B: Adjusted 2024/25 Operating Budget**), met geen wysigings aan die buite jare nie:

	Oorspronklike Begroting 2024/25	Half-Jaar Aansuiwerings begroting 2024/25	Aanpassings	Oorspronklike Begroting 2025/26	Oorspronklike Begroting 2026/27
Kapitaalbegroting	376 477 670	334 029 709	(42 447 961)	216 639 861	197 984 897
Bedryfsuitgawes	1 189 045 717	1 214 471 653	25 425 936	1 434 463 775	1 584 420 812
Bedryfsinkomste	1 458 996 894	1 475 819 204	16 822 310	1 535 862 828	1 666 597 277
<b>Begrote (Surplus)/ Tekort</b>	<b>(269 951 177)</b>	<b>(261 347 551)</b>	<b>8 603 626</b>	<b>(101 399 053)</b>	<b>(82 176 465)</b>
Minus: Kapitaal Toekennings en Donasies	246 062 275	234 535 134	(11 527 141)	97 963 000	81 093 000
<b>(Surplus)/ Tekort</b>	<b>(23 888 902)</b>	<b>(26 812 417)</b>	<b>(2 923 515)</b>	<b>(3 436 053)</b>	<b>(1 083 465)</b>

## 7.1/...

- (j) Dat kennis geneem word dat die veranderinge in die bedryfsbegroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2024/2025 finansiële jaar nie maar sal lei tot 'n verhoging in die begrote netto surplus van R23 888 902 na 'n begrote netto surplus van R26 812 417;
- (k) Dat die aangepaste begrotingskledules (B1 tot B10) soos vereis deur die Begroting en Verslagdoening Regulasies goedgekeur word soos vervat in (**Annexure C: Budget Report and B-Schedules 2024/25 – 2026/27**);
- (l) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrottingsomsendbrieve en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinciale en Nasionale Tesourie;
- (m) Dat die Dienslewering – en Begroting Implementeringsplan (SDBIP) toepaslik dienooreenkomsdig gewysig word.

## **7.2 STATUS QUO EN WYSIGING VAN DIE MUNISIPALE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGS-RAAMWERK 2023-2027 (15/1/4/1)**

Die Municipale Bestuurder noem dat die wysigings aan die Municipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk belangrik is om nuwe ontwikkelings binne die stedelike randgebied en onder die korrekte sonering te kan akkommodeer.

Die voorstelde wysigings is vir Malmesbury, Darling en Riebeek Kasteel en sal daar opedae plaasvind om beskikbaar te wees vir die publiek om insette/kommentaar daarop te lewer.

**BESLUIT** – vir aanbeveling aan die Raad op 30 Januarie 2025  
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat in beginsel goedkeuring deur die Swartland Municipale Raad verleen word vir die wysiging van die Municipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk vir die dorpe van Malmesbury, Darling en Riebeek Kasteel, en vir die insluiting van die Kapitale Uitgaweraamwerk as 'n aanhangsel;
- (b) Dat goedkeuring verleen word vir die publisering van die wysiging van die Municipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk vir publieke kommentaar ingevolge Artikel 7(1)(b) van die Verordening;
- (c) Dat die wysiging van die Municipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk voorgelê word aan die Provinciale Minister en ander staatsorgane vir kommentaar;
- (d) Dat die kommentaar periode sal wees in die maande van Februarie en Maart 2025 met opedae in die betrokke wyke in die dorpe van Malmesbury, Darling en Riebeek Kasteel.

## **7.3 WYSIGING VAN DIE KPI'S EN TEIKENS VIR 2024/2025 (2/4/2)**

Die KPI's en teikens vir 2024/2025 is gedurende Junie 2024 deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur. Na die hersiening van die KPI's en teikens na afloop van die eerste ses maande van 2024/2025 en met in ag neming van die nuwe Personeelregulasies word daar sekere wysigings voorgestel ten einde te verseker dat alle KPI's aan die SMART-beginsel voldoen.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die wysigings van die KPI's en teikens vir die 2024/2025 finansiële jaar.

## **7.4 KWARTAALVERSLAG INSAKE DIE PRESTASIE VAN KONTRAKTEURS (8/1/B/2)**

Die verslag ten opsigte van die kwartaallikse prestasie-evaluering van kontrakteurs wat ingevolge die Voorsieningkanaalbestuursbeleid aangestel is, word voorgelê ter voldoening aan artikel 116(2) van die MFMA en die kernprestasie-indikator van die Municipale Bestuurder.

7.4/...

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag insake die prestasie van kontrakteurs vir die periode 1 Oktober 2024 tot 31 Desember 2024.

**7.5 VERSLAG INSAKE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGKANAAL-BESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 OKTOBER 2024 TOT 31 DESEMBER 2024 (8/1/B/2)**

'n Verslag insake die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid moet op 'n kwartaallikse basis ingevolge paragraaf 6(3) van die Municipale Voorsieningkanaalbestuursregulasies aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê word.

Die verslag vir die periode 1 Oktober 2024 tot 31 Desember 2024 is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag ten opsigte van die implementering van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid soos beoog deur Artikel 6(3) van die Regulasies, sowel as verslae van die Formele Tenders (Bylae A), Informele Tenders (Bylae B), en die Afwykingsverslag (Bylae C);
- (b) Dat kennis geneem word van die dienste gelewer vir die typerk 1 Oktober 2024 tot 31 Desember 2024 met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties is om die mark te toets en dus 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsieningskettingbestuurbeleid (Bylae D).

**7.6 AANSTELLING VAN LEDE VAN DIE DISSIPLINÊRE RAAD VIR AANBEVELING AAN DIE MUNISIPALE RAAD (5/15/1/5)**

Die Dissiplinêre Raad is ingestel as 'n onafhanklike adviserende liggaam om ingevolge die *Financial Misconduct Regulations* die Raad by te staan in ondersoeke na finansiële wangedrag.

Die doel van die verslag is om die samestelling van die Dissiplinêre Raad aan die munisipal raad aan te beveel en dienooreenkomsig die aanstelling van lede.

**BESLUIT – vir aanbeveling aan die Raad op 30 Januarie 2025**

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat die Voorsitter van die PRAC as lid van die Dissiplinêre Raad aangestel word vanaf 01 November 2024 tot 31 Desember 2025. Die Voorsitter van die PRAC kan enige lid van die PRAC nomineer om 'n vergadering namens hom/haar by te woon indien hy/sy nie beskikbaar is nie;
- (b) Dat die Senior Bestuurder: Tesourie en die Senior Bestuurder: Begroting, Kostes en Verslaggewing as sekundi's vir die munisipale amptenare wat op die Dissiplinêre Raad dien, aangestel word;
- (c) Dat die Hoofouditeur weer aangestel word as lid van die Dissiplinêre Raad van 01 Junie 2025 tot 31 Desember 2025;
- (d) Dat slegs die posbenamings van die amptenare goedgekeur word om die administratiewe las te voorkom indien 'n amptenaar die munisipaliteit gedurende hul drie jaar termyn verlaat. Sien die tabel hieronder:

## 7.6/(d)...

<b>Lid van die Dissiplinére Raad</b>	<b>Secundi</b>	<b>Termyn</b>
Voorsitter van die PRAC	Enige genomineerde lid van die PRAC	01 November 2024 to 31 December 2025
Direkteur Korporatiewe Dienste	Senior Bestuurder: Tesourie / Senior Bestuurder: Begroting, Kostes en Verslaggewing	1 January 2023 to 31 December 2025
Senior Bestuurder Menslike Hulpbronne	Senior Bestuurder: Tesourie / Senior Bestuurder: Begroting, Kostes en Verslaggewing	1 January 2023 to 31 December 2025
Hoofouditeur	Senior Bestuurder: Tesourie / Senior Bestuurder: Begroting, Kostes en Verslaggewing	1 June 2022 to 31 May 2025 & 01 June 2025 to 31 December 2025

- (e) Die vergoeding wat aan die eksterne lid van die Dissiplinére Raad betaal word, sal dieselfde wees as die bywoning van die Prestasie-, Risiko- en Ouditskomitee.

**7.7 VOORGESTELDE VERHURING VAN NYWERHEIDSGROND TE MOORREESBURG VIR AKKERBOUDOELEINDES (12/2/5/5-9/2)**

Die Munisipaliteit beskik oor ±17,7 ha grond in Moorreesburg wat tot en met April 2024 aan die Koringbedryfmuseum verhuur word.

Daar word voorgestel dat 'n openbare mededingingsproses weer deurloop word om die grond vir akkerboudoeleindes beskikbaar te stel ten behoeve van of aan 'n plaaslike welaadsorganisasie.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer J M de Beer)

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat voorstelle ingewin word vir die verhuring van 'n gedeelte (groot ± 17.7 ha) van erf 1133, Moorreesburg vir 'n periode wat nie twaalf maande oorskry nie, met ingang vanaf 1 Mei 2025;
- (b) Dat voorstelle ingewin word op die basis en voorwaardes soos vervat in die konsep kennisgewing in Aanhangsel B tot die verslag;
- (c) Dat die Municipale Bestuurder met volmag beklee word om, indien dit nodig geag word, 'n komitee aan te wys om die voorstelle wat ontvang word te oorweeg en 'n toekenning te maak in oorlegpleging met die betrokke wyksraadslid;
- (d) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste met volmag beklee word om die inhoud van die huurooreenkoms te finaliseer, asook die ondertekening daarvan;
- (e) Dat die voornemende huurder daarop bedag gemaak word dat aanplanting nie mag oorskry op erf 5520, wat aan Boland Diesel h/a AfricOil behoort en tans nog vakant is nie.

**7.8 VOORGESTELDE GEBRUIKSREG TEN OPSIGTE VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 2046 GELEË IN KAREEBOOMSTRAAT EN DARLINGWEG AAN LIEBENBERG PRIMÉRE SKOOL (12/2/R)**

Liebenberg Primére Skool het in 2024 aansoek gedoen vir die huur van 'n gedeelte van Erf 2046, geleë in Kareeboomstraat en Darlingweg vir die gebruik as speelruimte vir leerders.

Die skool is van voorneme om die gedeelte (groot ±6037 m<sup>2</sup>) op eie koste te omhein en te inkorporeer by die skoolterrein.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a)/...

## 7.8/...

- (a) Dat, in terme van Regulasie 34 van die Municipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees met die Municipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die voorgestelde gebuiksreg ten opsigte van 'n gedeelte van Erf 2046, ongeveer 6037m<sup>2</sup> groot, geleë Kareeboomstraat en Darling Weg, Malmesbury aan Liebenberg Primêre Skool, onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:
  - (i) Dat die eiendom slegs vir die ontwikkeling van 'n omheinde speelterein aangewend word deur en op koste van die applikant;
  - (ii) Dat 'n hek in die omheining aangebring word om te verseker dat die Elektriese Ingenieursdienste direktoraat toegang sal hê vir 'n kraantrok om instandhouding te onderneem van die straatligte en elektriese dienste wat op die grens van die skoolperseel geleë is;
  - (iii) Dat geen strukture op die terrein aangebring mag word nie, in ag genome dat daar 'n besproeiingspyp is wat die erf kruis aan die kant waar dit grens aan die skool;
  - (iv) Dat die skool die vooraf goedkeuring van die Municipaaliteit (Siviele en Elektriese Ingenieursdienste Direktorate) moet bekom vir die heining en toegangshek aangebring sal word;
  - (v) Dat die grondgebruiksregte (insluitend, sluiting, hersonering en onderverdeling) ten opsigte van die terrein verkry word deur en op koste van die aansoeker;
  - (vi) Dat 'n gebruiksooreenkoms met die aansoeker gesluit en driejaarlik hersien sal word; en
  - (vii) Dat daar aan alle administratiewe, tegniese en regsvereistes voldoen word;
- (b) Dat, ingevolge paragrawe 13.2 en 13.2.4 van die Bate Oordrag Beleid, die gratis gebruik van die municipale eiendom ondersteun word deurdat die eiendom deur die skool benut sal word vir 'n addisionele speelarea om die toenemende getalle leerders by die skool te akkommodeer.

**7.9 HUUR VAN STOORRUIMTE GELEË OP ERF 7590 TE NYWERHEIDSINGEL,  
MALMESBURY VANAF BESTER FAMILIETRUST (12/1/2-6/2)**

Die Direktoraat: Finansiële Dienste het aangetoon dat die Raad die stoornuimte van die Bester Familietrust vir 'n verdere termyn benodig vir die stoor van vullissakke en watermeters.

Die huurooreenkoms sal dienooreenkombig gesluit word vir 'n termyn vanaf 1 April 2025 tot 31 Maart 2026.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesecondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat 'n huurooreenkoms met Die Bester Familie Trust gesluit word vir die gebruik van die stoornuimte, eenheid 10, geleë op 'n gedeelte van Erf 7590, Nywerheidsingel 4, Malmesbury, vir 'n verdere termyn van 12 maande vanaf 1 April 2025 tot 31 Maart 2026;
- (b) Dat 'n maandelikse huur van R1 554.00 (BTW ingesluit) betaalbaar is vanuit posnommer 9/241-369-2979 (verkoop van vullissakke);
- (c) Dat die bestaande huurvoorwaardes onveranderd bly.

**7.10 VOORGESTELDE HERNUWING VAN HUUR VAN ERF 4048, GELEË IN MADELIEFIE-LAAN, DARLING AAN LITTLE DARLING CRÉCHE VIR VROEË KINDERONTWIKKELING-DOELEINDES (17/9/2/R)**

Die Little Darlings Crèche het in 2018 aansoek gedoen om Erf 4048, Darling vanaf die Raad te huur met die doelstelling om 'n vroeë kinderontwikkelingsentrum op te rig en sodoeende die crèche na 'n meer permanente struktuur te verskuif.

## 7.10/...

Little Darling Crèche kon nog nie daarin slaag om voldoende fondse te verkry vir die oprigting van die sentrum nie en versoek dat die huur verleng word.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die hernuwing van die verhuring van Erf 4048 Darling, geleë te Madeliefelaan, ongeveer 896m<sup>2</sup> groot, aan Little Darlings Crèche, onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:
  - (i) Dat die huurtermyn vir 'n tydperk van twee jaar vanaf 01 Maart 2025 tot 28 February 2027 sal duur;
  - (ii) Dat huurgeld ten bedrae van R120.00 per jaar, BTW uitgesluit ten opsigte van jaar 1 verhaal word, onderhewig aan eskalasie bereken op die Verbruikersprysindeks (VPI) vanaf jaar 2;
  - (iii) Dat die eiendom slegs aangewend word as 'n vroeë kinderontwikkelingsentrum en vir geen ander doel nie;
  - (iv) Dat die applikant gemonitor word in terme van bouplan goedkeuring en verkryging van befondsing; en
  - (v) Dat daar aan alle administratiewe, tegniese en regsvereistes voldoen word;
- (b) Dat, ingevolge paragraaf 12.2.1.4 van die Bate Oordrag Beleid, die eiendom by wyse van direkte onderhandelinge verhuur word, aangesien die eiendom vir vroeë kinderontwikkelingsdoeleindes geoormerk is en daarvoor aangewend gaan word, asook om vir die huidige huurder 'n geleentheid te bied om die eiendom te ontwikkel;
- (c) Dat die huurder in kennis gestel word dat hierdie die laaste toegewing sal wees, en dat die Raad na afloop van die tweejaarperiode die reg voorbehou om die grond by wyse van openbare mededinging aan te bied

**7.11 UITSTAANDE DEBITEURE: DESEMBER 2024 (5/7/1/1)**

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Desember 2024.

**7.12 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)**

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Desember 2024 soos met die sakelys gesirkuleer.

**7.13 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: HERSTEL VAN JCB LAAIGRAAF, CK 45744 (8/1/B/2)**

Die JCB Laaigraag, CK 45744 word gebruik vir konstruksiewerk binne die Swartland munisipale gebied. Die masjien is nie op vir vervanging in die meerjarige begroting nie, en die herstel van die engin is as noodsaaklik beskou.

Besluit/...

7.13/...

**BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisiale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die engin van die JDB Laagraaf, CK 45744 ten bedrae van R192 576.51 (BTW uitgesluit) deur Kanu Equipment;
- (c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 36(1)(a) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, 'n formele tenderproses nie gevold kon word nie, omdat:
  - (i) 'n totale stroop van die engin en bykomende toerusting nodig was om die herstelwerk te bepaal;
  - (ii) dit nie prakties uitvoerbaar is om die engin en bykomende toerusting weer te monteer om meer kwotasies te bekomen nie;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R192 575.51 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/7-26-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.14 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: HERSTEL VAN DIE REMME VAN DIE HOëDRUK RIOOLVRAGMOTOR, CK 18526 (8/1/B/2)**

Die Isuzu Vragmotor, CK 18526, is toegerus met gespesialiseerde toerusting om geblokte rioolstelsels skoon te maak. Die remme van die vragmotor het onklaar geraak en dringende herstelwerk is benodig om 'n volhoubare diens te kan verseker.

**BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisiale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die remme van die Rioolvragmotor, CK 18526 ten bedrae van R63 462.70 (BTW uitgesluit) deur Isuzu Malmesbury t/a Perdeberg Motors;
- (c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 2(6)(g) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig is om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien Isuzu Malmesbury t/a Perdeberg Motors die gemagtigde agent van Isuzu is;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R63 462.70 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/4-19-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.15 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: HERSTEL VAN VRAGMOTOR MET HYSKRAAN, CK 21380 (8/1/B/2)**

Die vragmotor, CK 21380 waarop 'n hyskraan aangebring is, word gebruik om die herwinning-igloos in die munispale area te diens. Dit is die enigste vragmotor wat hierdie essensiële diens kan verrig.

Besluit/...

7.15/...

**BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaal-bestuurbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munispale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die vragmotor met hyskraan, CK 21380 ten bedrae van R59 688.00 (BTW uitgesluit) deur UD Trucks Malmesbury;
- (c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 2(6)(g) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig is om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien UD Trucks Malmesbury die ondersteuningsagent van UD Trucks is;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R59 688.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/4-16-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.16 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDUREN: DRINGENDE HERSTEL VAN POMP BY DIE YZERFONTEIN POMPSTASIE (8/1/B/2)**

Die dorpsgebiede in Yzerfontein word van water voorsien vanuit 'n reservoir in Yzerfontein. Daar is 'n aanjaagpompstasie in Atlanticweg opgerig om water aan die hoëliggende dorpsgebiede te voorsien. Een van die pompe het meganies onklaar geraak en Tricom Africa is genader om die herstelwerk te doen om te voorkom dat gedeeltes in Yzerfontein nie van water voorsien kon word nie.

**BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaal-bestuurbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munispale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk pomp by die Yzerfontein pompstasie ten bedrae van R48 114.80 (BTW uitgesluit) deur Tricom Africa;
- (c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 36(1)(a) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, 'n formele tenderproses nie gevolg kon word nie, omdat:
  - (i) Die CR45-5 Grundfos-suigingspomp sou vir 'n onbepaalde tydperk buite diens gelaat word indien die normale verkrygingsproses gevolg is;
  - (ii) Voormalde sou lei tot 'n onderbreking van die normale druk- en vloeitoestande in die waternetwerk na die hoër gebiede in Yzerfontein;
  - (iii) Die herstelwerk is as 'n noodgeval hanteer.
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R48 114.80 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/249-849-259 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.